GODSDIENS SO MISBRUIK

Zuma 'n goeie voorbeeld

Piet Strauss

In Suid-Afrika kan dit 'n politieke party bevoordeel as hy die kiesers kan oortuig dat hy 'n geseënde van God is. Die Bybels-Christelike geloof het die konsekwensie dat dit die koningskap van God oor alles erken en 80% van ons bevolking beweer in die jongste sensus dat hulle Christene is.

Konsekwente Christenskap is 'n Bybelse opdrag.

Konsekwente Christene streef na gehoorsaamheid aan God in alles. Hulle glo dat die Bybel rigtinggewende lig werp op alles wat die mens doen. Die opdrag is duidelik: jy moet die Here jou God liefhê met hart en siel en al jou kragte.

In die woorde van die Nederlandse teoloog Abraham Kuyper: daar is nie 'n duim (twee en 'n half sentimeter!) van die grond waarop ons lewe waarvan God nie sê dat dit aan Hom behoort nie. Psalm 24 sing dit uit: die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here.

Die implikasie hiervan is egter nie dat gelowiges moet glo dat God aan hulle kant is nie. Hulle moet as onvolmaakte, dienende skepsels eerder vra: is ons – in alles – aan Gód se kant? Dien ons die Here of verwag ons as skepsels dat die Koning en Skepper óns dien?

Romeine 8 stel die vraag: As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Dit beteken egter nie dat die Here ons in alles steun of alles wat ons doen, goedpraat nie. In Romeine 8 gaan dit oor die verlossing van God se kinders. God bestem sy kinders om tot geloof te kom en as Hy wil dat jy tot geloof kom, kan niemand dit keer nie.

Omdat God aan die kant van jou verlossing is, wil Hy dat jy van ongehoorsaamheid aan sy wet óók verlos word. Dat jy so verlos word dat jy in alles aan sy kant kan staan.

Dit is nié wat president Zuma preek as hy die Christelike godsdiens lomp-lomp vir sy eie politiek probeer inspan nie.

Zuma het dit vantevore ook al gesê: God is aan die kant van die ANC. Nou, net voor die plaaslike verkiesings, herhaal hy dit met ander woorde: God het die ANC "ryklik geseën". Daarom sal hierdie organisasie regeer totdat sy Seun weer kom. Die ANC leef volgens hom ook uit die "goeie geluk" van die voorvaders. Hierdie vaders is teen die mense wat vir ander partye stem. Zuma weet, want hy kry blykbaar boodskappe van hierdie vaders.

Zuma sê: God (en die voorvaders) is aan die kant van die ANC.

Die eerste growwe fout wat hy maak, is om die seën van die enigste God in dieselfde asem en op dieselfde vlak as die goeie geluk van sy voorvaders te noem. As die president dan genoeg weet van

die Christelike godsdiens om te beweer dat God die ANC seën, hoekom weet hy nie dat mens God die Almagtige en sy voorvaders nie op ‘n gelyke voet kan stel nie? Dat hy God so onteer nie?

Die tweede gaping in sy argument is om God se seën en die geluk van die voorvaders te reserveer vir die ANC. As dit so is, is die steun van ‘n meerderheid kiesers die enigste manier waarop God se seën wys? Misbruik Zuma nie hier die godsdiens om groot ANC-mislukkings en ongehoorsaamheid aan God se wet, te verbloem nie?

Is dit werklik ‘n teken van God se seën om, soos hy, baie vrouens, baie kinders én talle buite-egtelike verhoudings te hê? Is swak dienslewering en ‘n verlaging in standaarde die gevolg van God se seën? Sal God die ANC seën as hulle staatsgeld verkwis en korrupsie pleeg?

Wat van die Bybelse opvatting dat die huwelik net vir een man en een vrou is wat aan mekaar getrou bly? Waar is die regeerders met Bybelse integriteit wat doen wat hulle belowe? Ons hoor dat ons saam ‘n beter gemeenskap – op goeie standaarde? – moet bou? Kan mense saamwerk as die een party nie sy beloftes uitvoer nie?

Is dit werklik geseënde Christelike versoening om soos die ANC-agitator Julius Malema gevoelens teen die Boere aan te hits met sy “Kill the farmer, kill the Boer”?

Is dit tekens van God se seën as mense buitebande brand uit protes teen ANC-beheerde munisipaliteite en woongebiede ontwrig? Seën God die ANC deur ons hoë misdaadsyfers en die groot slaggate op teerpaaie?

Teen hierdie agtergrond is dit nie onverwags dat Christelike kerke teen Zuma reageer oor sy misbruik van godsdiens vir politieke gewin nie.

Kerke kan nie fisies ingryp om hierdie misbruik te verhoed nie. Hulle kan egter kragtig daarteen getuig vanuit ‘n lewende Christelike geloof.